# SO SÊ DIE REDAKTEUR

VRYDAG 26 JANUARIE 2018

## WATERSKAARSTE EN NAT T-HEMDE

GEWONE burgers van die land word dikwels gekonfronteer met vrugtelose uitgawes deur staatsdepartemente waar amptenare wat met die geld werk klaarblyklik nie 'n idee het van wat voorkeur moet geniet nie.

Die persepsie word geskep dat die geld dikwels bestee word aan projekte wat sekere mense en instansies bevoordeel in plaas van om die geld te plaas waar dit dringend benodig word.

Op die oomblik, te midde van die ongekende droogte is water op die voorgrond waar jy jou ookal draai. Groot en duur advertensies verskyn op TV en in ander media waar almal voorgesê word hoe om met die skaars kommoditeit, water, om te gaan.

Die departement van water en sanitasie wat glo diep in die skuld is en nie eintlik geld het om dringend water te voorsien nie en die riool-situasie wat oor die hele land in tragiese verval beland het, te beredder nie, het nou 'n video op die internet geplaas waar propaganda gemaak word om lekkende krane en pype voorkeur te gee.

Dié video begin deur 'n paar stukkende en lekkende pype te wys en daarna 'n stuk of dertig welgeskape jong meisies te wys wat hul bates vertoon deur met nat T-hemde te poseer. Hoewel menige jong man en vir seker ook oueres, plesier daaraan sal hê om die meisies te bekyk, is dit hoogs twyfelagtig of dit hulle na gereedskap sal laat gryp om die lekkende waterpype te gaan herstel.

Die amptelike term van die soort van ding is 'n bewusmakingsveldtog. Geld word by die miljoene deur staatsdepartemente gebruik om die bevolking "bewus te maak" van wat die amptenare van die departement ookal wil hê die mense moet weet of doen.

Die betrokke bewusmakingsveldtog met die nat T-hemp meisies is byvoorbeeld deur die munisipale raad van Kareeberg gebruik om aan die bevolking te verduidelik waarom hulle vir 'n groot deel van die dag geen water in hul krane het nie. En waarom 'n pyp-lyn van Carnarvon se waterbron op 'n plaas buite die dorp, wat juis nou gerantsoeneer moet word omdat dit nie vir die dorp kan voorbly nie, na Vanwyksvlei aangelê word waar die inwoners al vir jare afhanklik is van water met 'n vragmotor aangery.

Verbaasde inwoners van dorpe kyk met verwondering na omheinings by staatsgeboue, waaronder polisiestasies en skole, wat vir seker miljoene rande gekos het om op te rig, waar die hekke heeldag ooplê nadat die elektroniese hekke soggens sorgvuldig oopgesluit word om die amptenare wat daar werk te laat inkom.

Die mense wat die besluite geneem het om miljoene rande staatsgeld uit te gee, het duidelik nie aan die praktiese benutting van die reuse uitgawe gedink nie. Inbrekers wat nie by die hek wil inloop nie, hoef maar net 'n draadtang iewers te steel om in te gaan en sy ding te gaan doen — gewoonlik om al die skootrekenaars te steel en te verkoop.

Intussen is daar geen water in miljoene krane nie en loop die riool in honderde strate in die lengte en die breedte van die land.

Meisies in nat T-hemde gaan beslis nie daardie probleme oplos nie.

## ESKOM — NOU 'N NASIONALE RAMP

ESKOM is nou, volgens die redelike nuwe minister van Finansies, so diep in die moeilikheid dat selfs die tesourie nie eers genoeg geld het om hulle te red nie. Selfs die aangewese nuwe president het so groot geskrik dat hy sommer die hele direksie afgedank het en 'n nuwe span aangestel het.

Dié probleem het kort na die ANC die bewind oorgeneem het ontstaan toe hulle al die direkteure wat daarvoor verantwoordelik was dat daar altyd genoeg krag was en dat die boeke geklop het, vervang het met kaders wat baie van politiek af geweet het, maar min van hoe om 'n besigheid te bestuur.

Kort daarna is ook die hoofbestuur vervang met politieke aanstellings wat gespring het dat die personeel uiteindelik so aangeswel het met verdienstelike ANC-kaders dat die uitgawes gou die inkomste oorskry het.

Ook die swart bemagtigingsmaatskappye wat steenkool en ander benodighede verskaf het, het die uitgawes sodanig aangedik, met die entoesiastiese samewerking van die direksie en die bestuur, dat daar sommer gou aangedring is op yslike verhogings in elektrisiteitstariewe.

Mettertyd het die Guptas en die Zuma's op die toneel verskyn. Van toe af het dit vinnig afdraand gegaan namate al hoe meer kripvreters op die toneel verskyn het.

Uiteindelik het die toerusting wat hulle van die vorige bewind ge-erf het, begin ingee weens verwaarlosing en gebrek aan onderhoud.

Dis toe wanneer Eskom nie meer in die vraag na elektrisiteit kon voorsien nie en daar begin is met beurtkrag wat die hele land in ellende gedompel het en verbruikers gedwing het om self voorsiening te maak om die ligte aan die brand te hou en die wiele te laat aanhou draai.

Die nuwe kragstasies begin produseer uiteindelik na 'n paar dekades van stakings, bankrotskappe van leweransiers, teen seker drie keer die begrote bedrag. Nou is daar nie meer genoeg vraag na die produk nie nadat nywerhede en ander instellings in die privaatsektor self voorsiening vir elektriese krag gemaak het.

Die stelling van te min te laat is eintlik heeltemal onvoldoende, om dit sagkens te stel, vir wat nou aan die gebeur is. Die staat het borg gestaan vir al die semi-staatsondernemings wat almal in 'n finansiële verknorsing is en op geen manier self hul bedrywighede kan finansier nie, laat staan nog die geld terug te betaal wat hulle by die belastingbetalers geleen het.

Daar is net een manier om die dienste wat die semi-staatsondernemings lewer weer op 'n volhoubare manier aan die gang te kry. Dit is om die hele lot te privatiseer sonder om enige vergoeding te verwag voordat nog geld in die buiteland geleen sal moet word om lone en salarisse te betaal.

**UIT DIE WOORD**

## OPPAS !

*Dis Tamar, my broer Absolom se suster . . . Ek is verlief op haar* 2 Samuel 13:4.

Amnon het 'n verskriklike sonde gepleeg deur sy suster Tamar te verkrag. Wat 'n skurk! Verkragtings kom amper daagliks in Suid-Afrika voor. Hoekom? Wel, omdat mense nie meer respek het vir ander se liggame nie. Hulle vergeet dat die liggaam 'n lewende tempel van die Heilige Gees is wat nie onteer of geskend mag word nie. God duld dit nie.

Moenie in die strik van sonde trap nie. Dink wat die gevolge van jou dade sal wees voordat jy dit doen. Bly uit die pad van kwaaddoeners en vlug voor versoeking.

Weet dat verkeerde begeertes en ongeoorloofde seksuele verhoudings jou lewe in 'n oogwink kan vernietig.

Loop elke dag die reguit pad. Wees iemand met integriteit.

Moenie skinder nie; moenie leuens oor ander versprei nie. Moenie van mense kwaadpraat, of dinge begeer wat nie joune is nie. Wees nederig. Moet nooit te veel van jouself dink nie. Buig altyd voor die Here en behandel ander mense met respek. Dan sal sonde nooit 'n houvas op jou kry nie. Dan sal jy altyd op die Here se koers bly.

Gebed: *Christus hou my asseblief koersvas op die regte pad.* — Stephan Joubert



### UNISA TEORIE

ADA SMIT en René de Lange van Laerskool Calvinia het pragtige prestasies behaal in hul musiek teorie eksamens. Hier is hulle saam met hul leerkrag me. Rinette Louw.

**ESKOM IS 'N NASIONALE KRISIS**

# Klaar geplunder in staatskaping

**KAAPSTAD — Die regering se erkenning dat Eskom se geldprobleme Suid-Afrika se ekonomie in duie kan laat stort, is 'n geval van te min te laat.**

Oor die jare sienderoë toegelaat is dat Eskom deur wanbestuur en korrupsie tot op die randjie van bankrotskap gedwing is, sê adv. Anton Alberts, voorsitter van die VF Plus.

Malusi Gigaba, minister van finansies, en mnr. Cyril Ramaphosa, adjunk-president en nuutverkose leier van die ANC, het vanoggend erken dat die situasie by Eskom 'n nasionale krisis is en dat die tesourie bloot nie die geld het om hom te red nie.

"Noudat die brand Rome feitlik totaal in puin gelê het, hoor die regering eers die alarms lui. Eskom is drooggemelk in die proses van staatskaping en die plundering van die land se bates veral by staatsentiteite.

"Die VF Plus sal versoek dat 'n kommissie aangestel word om ondersoek in te stel na presies wie verantwoordelik was vir Eskom se agteruitgang, en dat diegene wat by ongerymdhede betrokke was, vervolg moet word," sê adv. Alberts.

**NOORDWESTER UITGEWERS**
*Drukkers van Naam op Calvinia*
**TEL. 027 341 1026**
**FAKS 027 341 1686**
**E-pos:** noordwester@hantam.co.za

### KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

KENNISGEWING NR. 002/2018

## JAARVERSLAG 2016/2017

Ingevolge Artikel 21 (a) van die Wet op Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, saamgelees met Artikel 127 (5)(a) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, word lede van die publiek binne die regsgebied van Karoo Hoogland Munisipaliteit en Regeringsinstansies en die Privaat Sektor uitgenooi om kommentaar op die Jaarverslag van die 2016/2017 Finansiële jaar te lewer.

Die verslag is ter insae by die Munisipale Kantore van Karoo Hoogland gedurende kantoorure vanaf 5 Februarie 2018.

Skriftelike kommentaar kan aan die Waarnemende Munisipale Bestuurder, Privraatsak X03, Williston, 8920 gerig word.

Die sluitingsdatum vir kommentaar is **Vrydag, 2 Maart 2018 om 12:00**.

**Mnr SJ Myburgh**
*Waarnemende Munisipale Bestuurder*
Publikasie datum: 26 Januarie 2018

EAGLE TOWERS SA (PTY) LTD ENVIROAFRICA CC

### NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

### PROPOSED 25M HIGH TELECOMMUNICATIONS MAST ON ERF 1644, CALVINIA SPORTSGROUND, DORP STREET, CALVINIA NORTHERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation, process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Inpact Assessment Regulations 2014. The proposed development of a 25m high telecommunications mast on Erf 1644, Calvinia Sportsgrounds, Dorp Street, Calvinia, Northern Cape, and includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulatines, 2014.

EnviroAfrica cc has been appointed by Eagle Towers SA (Pty) Ltd, to undertake the NEMA EIA Application for Environmental Authorisation process.

Application for environmental authorization to undertake the following activities:
Government Notice R324 (Listing Notice 3): **Activity No. 3**
Please note that should additional listed activities be identified during the application process they will be communicated to registered I&APs.

**Project Description & Location:**

The proposed development is to clear an area of 7m X 8m ($56^2$) to erect a 25m high Monopole mast with antennas situated on the top of die proposed structure. The proposed telecommunication mast and base station will be situated on a site zoned for Open Space Zone II and located is within the urban area of Calvinia. The telecommunications mast including associated infrastructure, is proposed on Erf 1644, Calvinia Sportsgrounds, Dorp Street, Calvinia, Northern Cape. The site co-ordinates are 31°28'8.18" S, 19°46'12.63" E.

**Public Participation:**

Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **05 March 2018.** In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered Interested and Affected Parties.

Please note that only Registered I&APs:

- will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by die applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions;

- will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and

- will be notified of the applicants intention to appeal the decision of the competent authority, together with an indication of where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Consultant:**EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 851 1616 / E-mail:** *admin@enviroafrica.co.za*